# Gebedsbulletin
# No. 29 van 2023

## 16 Julie 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Kom huis toe - alles is vergewe!

Die bekende skrywer, Ernest Hemingway, vertel in "The Capitol of the World" van 'n seun, genaamd Paco, wat na 'n woordewisseling met sy pa pad gee uit sy ouerhuis. Later gaan die bedroefde pa orals in Spanje na sy kind soek, maar sonder enige sukses. Uiteindelik plaas hy 'n advertensie in 'n dagblad in Madrdid, El Liberal, met die woorde: "Paco, meet me at Hotel Montana. Noon Tuesday. All is forgiven." Maar die pa was nie voorbereid op die reaksie, wat sy advertensie tot gevolg sou hê nie. Op daardie einste Dinsdagmiddag het 800 seuns met die naam Paco by die hotel opgedaag!

Ons almal is honger vir vergifnis, God S'n! Hy het ons gemaak om te honger na Sy hemelse aanraking. Ons is immers Syne. Ons dra Sy handtekening. Hy het ons gemaak na Sy beeld en na Sy gelykenis. Nie eens die hardste krapmerke van die sonde kan dit ooit uitwis nie. Die kerkvader,

Augustinus, het dit goed begryp. Daarom skryf hy in sy beroemde outobiografie: "Here, U het ons vir Uself gemaak en ons hart is rusteloos totdat dit rus in U vind!" Augustinus het geweet daar is 'n groot God-nood diep in ons elkeen verpak. Ons is rusteloos totdat ons tot rus by die Here kom. Ons honger en dors na Hom. Die ewe goeie nuus is dat God nooit met ons opgee nie. Hy hou ons altyd binne Sy genadevisier. Die Here ken ons koördinate. Sy hemelse GPS is haarfyn ingestel op ons doen en late.

Wegkomkans is daar nie, want Jesus het reeds die pad gelyk na ons kant toe gelyk gemaak. By die kruis het Hy al ons gemors en al ons sondes op Sy eie skouers gelaai. Daar het Hy dit afbetaal. Ons moet maar net ons ore oopmaak. Ons moet opnuut by Hom hoor: "Kom huis toe. Alles is vergewe!" Om dit te glo, is om hemelse rus in ons lewens te ervaar.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Monty Pienaar
Jaco Steenkamp
Stefaans du Plessis
Oom Cedric Wiegand
Leonie Kruger
Petrus Venter
Sumari Pretorius
Heleen Lamont
Jillian Jansen
Tannie Martie de Beer
Piet Venter
Baba Handré Kotzé
Albert Glockzin
Oom Willie & Tannie Dezi




Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN



## Gedagte vir die week




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in